# HOOFSTUK 4.

## DIE ADVIESRAAD IN AKSIE, 1920 - 1925.

### 4.1. PROKLAMASIE 1 VAN 1921.

Die De Wet-kommissie se aanbevelings van 11 November 1920, betreffende die wyse waarop die bestuur van die gebied behartig sou word, het spoedig 'n realiteit geword met die benoeming van die adviesraadslede kragtens Proklamasie 1 van 1921.

Die instelling van die Adviesraad, alhoewel 'n liggaam met suiwer adviserende bevoegdhede, was die eerste belangrike stap op pad na groter en beter konstitusionele bestuur vir Suidwes-Afrika. Die benoemde Adviesraad sou as mondstuk vir die Suidwesters optree en het hulle wense betreffende groter selfbestuur en medeseggenskap in die administrasie van Suidwes-Afrika nie net onomwonde aan die Administrateur nie, maar ook aan die Unieregering gestel. Die Adviesraad moes baie kritiek van die Suidwesters verduur, veral in die lig daarvan dat hulle 'n benoemde liggaam was. Hulle sou die pionierswerk vir groter selfbestuur in Suidwes-Afrika verrig. Die Adviesraad sou in sy optrede deeglik rekening moes hou met die wyduiteenlopende sieninge van die Duitse en Unieseksie betreffende Suidwes-Afrika se konstitusionele toekoms.

Die Adviesraad het uit ses lede bestaan. Die raadslede is deur die Administrateur benoem om die boere, handelaars, mynwese, salaristrekkers en Naturelle te verteenwoordig. Behalwe die Naturelle-verteenwoordiger mag geen Adviesraadslid 'n winsgewende betrekking in diens van die S.W.A.-Administrasie of Unieregering beklee het nie. Die Administrateur

was "ex officio" voorsitter en drie lede, ingeslote die voorsitter, sou 'n kworum vorm.

'n Adviesraadslid kon sy setel onder bepaalde omstandighede verloor. Indien hy nie langer in Suidwes-Afrika woonagtig was nie, insolvent sou raak, geestelike versteurdheid sou opdoen of gevangenisstraf sonder die keuse van 'n geldboete opgelê sou word, moes hy afstand doen van sy setel. As diskwalifikasie het ook gegeld vier agtereenvolgende afwesighede van vergaderings sonder die Administrateur se goedkeuring en indien 'n lid volgens die Administrateur nie meer 'n geskikte verteenwoordiger was nie of 'n winsgewende regeringsbetrekking sou aanvaar. Die Administrateur kon 'n nuwe lid benoem in geval van 'n sterfte of bedanking.

Die Adviesraad moes die Administrateur oor 'n wye spektrum van sake adviseer. Die heffing van belasting, die gebruik van geld vir openbare dienste, die verdeling van uitgawes en sake van algemene beleid rakende wetgewing en administrasie, uitsluitende gewone roetine-sake, het onder die adviserende bevoegdhede van die Adviesraad geressorteer. Verder kon die Administrateur enige ander saak waaroor hy advies verlang het aan die Adviesraad voorlê. Die Administrateur het in elke saak die finale beslissing gehad. Die Adviesraad se dienstermyn sou op 31 Desember 1921 verstryk, maar kon deur verdere proklamasies verleng word. [1.]

---

1. Official Gazette of South West Africa, 13.1.1921, pp.4-6; Allgemeine Zeitung, 18.1.1921.

Die Administrateur kon dus as 'n outokraat optree en die advies van die Adviesraad totaal ignoreer. Dit het gevolglik nie as 'n verrassing gekom nie toe die eerste stemme van kritiek, kort na die instelling van die Adviesraad, opgeklink het.

## 4.2. BENOEMING VAN EERSTE LEDE.

Dit was 'n besondere gewigtige taak wat die Administrateur opgelê is om ses Adviesraadslede te benoem, aangesien daar verskeie geskikte kandidate was en elke beroepsorganisasie sou aandring op die benoeming van sy besondere kandidaat. Die Administrateur was aanvanklik nie gretig om die onderskeie beroepsorganisasies om nominasies te nader nie, maar het besef dat hy die aanbeveling van die De Wet-kommissie in dié verband nie kon ignoreer nie. Die gretigheid van die beroepsorganisasies om deel te hê aan die benoeming van die Adviesraadslede, is weerspieël deur die optrede van die Zuid West Vereeniging. Dié liggaam het uit eie inisiatief aangebied om die Administrateur in die benoemingsproses by te staan. Administrateur Hofmeyr het gevolglik, ná beraadslaging met generaal J.C. Smuts, [2.] die vernaamste beroepsorganisasies versoek om elk drie kandidate te nomineer. Die Administrateur was egter nie verplig om enige van die genomineerdes te benoem nie. [3.] Die beroepsorganisasies wat kandidate kon nomineer, was die Kamer van Koophandel , die

2. S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: telegram G.R. Hofmeyr/J.C. Smuts, 3.12.1920.

3. S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: brief Sekretaris van die Protektoraat/Zuid West Vereeniging, 3.12.1920 ; brief Sekretaris van die Protektoraat/Arbeiter Verband, 4.12.1920 ; brief Sekretaris van die Protektoraat/Kamer van Mynwese, 4.12.1920.

Zuid West Vereeniging, die Arbeiter Verband, Verband der Verwertungs Gesellschaften, die Landwirtschafts Gesellschaft,* die Angestellten Verband en die Kamer van Mynwese.[4]

Hofmeyr het bepaalde idees in verband met die benoemde Adviesraad gehuldig. Hy was van mening dat sewe lede benoem moes word, aangesien ten minste twee lede die boereseksie moes verteenwoordig. Sy argument het berus op die feit dat die getal boere van die Unie- en Duitse seksie min of meer dieselfde was. Dit sou gevolglik baie moeilik wees om een verteenwoordiger te benoem wat vir albei seksies aanvaarbaar sou wees. Hofmeyr het toe na aanleiding hiervan die volgende benoemings aan generaal Smuts voorgelê:

Boerdery: A. de Wet (noorde);
L. Rautenbach en R. Matthiessen (sentraal);
H. Brandt (suide);
Handel: P. Müller;
Mynbou en salaristrekkers: dr. E. Reuning;
Naturelle: Majoor C. Manning.[5]

---

* Landbouvereniging.

4. S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: brief G.R. Hofmeyr/J.C. Smuts, 24.11.1920, p.1.

5. S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: brief G.R. Hofmeyr/J.C. Smuts, 24.11.1920, pp.1-2.

Smuts het Hofmeyr se voorstel onaanvaarbaar gevind. Die getal van die Adviesraad sou in ooreenstemming met die De Wet-kommissie se aanbeveling tot ses lede beperk word. Generaal Smuts, met sy fyn waarnemingsvermoë en goeie mensekennis, het tydens sy besoek aan Suidwes-Afrika wel geskikte Adviesraadslede ontmoet. Hy het gevolglik die volgende ses lede voorgestel:

Majoor C. Manning;
Kolonel M. de Jager;
A. de Wet;
P. Müller;
R. Schneider of F. Thalheim;
Dr. E. Reuning. [6.]

Die onderskeie beroepsorganisasies wat deur die Administrateur versoek is om geskikte kandidate te nomineer, het positief gereageer. Meer as veertien nominasies is deur die Administrateur ontvang. [7.] Heelwat van die voorgestelde kandidate was aan die Administrateur onbekend. Die Sekretaris van die Protektoraat het gevolglik opdrag gekry om meer inligting oor dié lede in te samel. [8.] Die siftingsproses was

---

6. S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: telegram J.C. Smuts/G.R. Hofmeyr, 21.12.1920, pp.1-8.

7. S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: brief Kamer van Mynwese/Sekretaris van die Protektoraat, 20.12.1920; telegram G.R. Hofmeyr/J.C. Smuts, 16.12.1920, p.1; brief Verband der Verwertungs Vereinigungen /Sekretaris van die Protektoraat, 11.12.1920; brief Arbeiter Verband (Windhoek)/Sekretaris van die Protektoraat, 13.12.1920; brief Haus- und Grundbesitzer Verein en Bürgerverein (Lüderitzbucht)/Administrateur, 16.12.1920.

8. S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: telegram Magistraat van Lüderitzbucht/Sekretaris van die Protektoraat, 21.12.1920.

teen die einde van 1920 afgehandel. Op 3 Januarie 1921 het die eer die volgende persone te beurt geval om as die eerste lede van die nuwe Adviesraad benoem te word:

Andreas Gerhardus de Wet (boer);
Andries Petrus Olivier (prokureur);
Reinhardt Heinrich Adalbert Schneider (boer);
Dr. Ernst Reuning (myningenieur en landmeter);
Peter Müller (handelaar);
Majoor Charles Nicolson Manning (Naturellekommissaris).[9.]

Die reaksie op die aanstelling van die Adviesraad was oor die algemeen positief. Vir die Duitse en Unieseksie, wat afkomstig was van lande met 'n demokratiese regeringstelsel, was die benoemde Adviesraad slegs 'n tussentydse liggaam wat spoedig deur 'n volksverkose regering vervang moes word. Die Administrateur was kennelik verheug oor die instelling van die Adviesraad: "the appearance of the Council will afford me a welcome relief... the knowledge that I am not altogether alone in ploughing the South-West Africa furrow, will be a source of comfort."[10.]

---

9. U.G. 32 - 1922: Rapport van de Administrateur over het jaar 1921, p.3; Official Gazette of South West Africa, 13.1.1921, p.11; Allgemeine Zeitung, 15.1.1921; Südwest-Zuid West, 21.1.1921.

10. A.312 Varia Administrasie S.W.A., vol.32 item 109: Memorandum by the Administrator on the administration of the territory of South-West Africa since his assumption of duty on 18.10.1920, 4.1.1921, p.61.

Die Duitse seksie was oor die algemeen gesproke tevrede met die benoemde Adviesraadslede. Raadslid A. de Wet het egter skerp onder skoot gekom. Die Duitse seksie was van mening dat, aangesien Schneider en De Wet albei van die Noorde afkomstig was, dit wensliker sou wees om iemand van die Suide te benoem. Verdere kritiek was dat die Administrateur, in die benoeming van Adviesraadslede, hom meer moes verlaat op die nominasielyste van die beroepsorganisasies en verder dat die aantal lede te min was. Die Allgemeine Zeitung het, nieteenstaande die kritiek, sy volle steun aan die Adviesraad gegee en die hoop uitgespreek dat die Adviesraad die geleentheid gebied sou word om 'n leidende rol in die toekoms van Suidwes-Afrika te speel. [11.]

The Windhuk Advertiser, mondstuk van die Engelssprekendes van die Unieseksie, was tevrede met die benoemde Raadslede. Die Administrateur het die getalsterkte van die onderskeie Blanke bevolkingsgroepe deeglik in ag geneem deur die benoeming van drie Duitsers, twee Afrikaners en een Engelsman. Dié koerant het, net soos die Allgemeine Zeitung, die benoeming van A. de Wet bevraagteken. Gesien in die lig van sy ongewildheid en die feit dat hy nie die volle steun van een enkele Blanke bevolkingseksie geniet het nie, het sy benoeming, volgens die koerant, slegs ten doel gehad om die Afrikaanssprekendes maksimum verteenwoordiging op die Adviesraad te gee. [12.]

---

11. Allgemeine Zeitung, 15.1.1921.

12. The Windhuk Advertiser, 15.1.1921.

Die Südwest-Zuid West het die regering geluk gewens met die benoeming van die eerste Adviesraadslede. Groot ontevredenheid is egter uitgespreek oor die kritiek teen A. de Wet. Hy was die keuse van die Zuid West Vereeniging, wat boere van al drie Blanke kultuurgroepe onder sy ledetal kon tel. Die kritiek teen A. de Wet was dus totaal ongevraagd en van alle waarheid ontbloot. [13.]

## 4.3. DIE ADVIESRAAD SE EERSTE TERMYN, 1921.

Die nuwe Adviesraad het sy werksaamhede begin met 'n vergadering wat op 2 Februarie 1921 om 10h00 in die Administrateurskantoor te Windhoek plaasgevind het. [14.] Die eerste agenda van die Adviesraad was enersyds daarop gemik om die nuwe bestuursmeganisme in werking te stel, maar andersyds was dit 'n weerspieëling van die Administrateur se begeerte om advies oor 'n wye spektrum van sake in te win. [15.]

Die inswering van lede was eerste op die agenda. Die eed van getrouheid aan die Britse Kroon is met die toestemming van generaal Smuts deur 'n ampseed vervang. [16.] Die

---

13. Südwest-Zuid West, 21.1.1921.

14. Official Gazette of South West Africa, 13.1.1921, p.11.

15. Die Adviesraad het tydens die Februarie 1921-sitting onder andere die volgende sake bespreek: die brandmerk van vee, hondebelasting, lisensies, damme, spoorwegtariewe, die ontwikkeling van spoorweë en hawens, Naturellereservate, onderwys, distriks- en stadsrade en artesiese water. Vergelyk A. 231 Peter Müller aanwins, vol.4: Protokoll der ersten Sitzung des Beirates, abgehalten am 2.2.1921, p.1; Allgemeine Zeitung, 12.2.1921; Südwest-Zuid West, 18.2.1921; The Windhuk Advertiser, 12.2.1921.

16. S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: telegram J.C. Smuts/G.R. Hofmeyr, 10.1.1921.

optrede het die Duitse Adviesraadslede met hul sterk patriotisme heelwat verleentheid bespaar. Regter Gutsche het die ampseedaflegging waargeneem en daarna vertrek. [17.]

Die Administrateur het in sy openingstoespraak die hoop uitgespreek dat die Adviesraad 'n groot bydrae sou lewer in die ontwikkeling van Suidwes-Afrika. Hy het die lede ten regte gewaarsku teen die openbare kritiek waaraan hulle blootgestel sou wees en dat hulle werksaamhede in ooreenstemming met die Vredesbepalings moes wees. Aan die Duitsers het hy, namens die Unieregering, die hand van vriendskap uitgesteek en hulle versoek om positief saam te werk aan die ontwikkeling van Suidwes-Afrika. [18.]

Die Adviesraad het gedurende 1921 nog drie belangrike sittings gehad, naamlik in Junie, September en Desember. Die Sekretaris van Suidwes-Afrika, majoor J.F. Herbst, het die Administrateur tydens dié sittings bygestaan, terwyl H. Bense opgetree het as klerk van die Adviesraadsvergaderings. [19.] Die vergadering wat vir Maart 1921 geskeduleer was, kon nie plaasvind nie, aangesien die Administrateur op daardie tydstip met die Unie-regering in Kaapstad samesprekings gevoer het. [20.]

---

17. S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: Official record of the first meeting of the Advisory Council, 2.2.1921, p.4.

18. S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: Official record of the first meeting of the Advisory Council, 2.2.1921, p.4-9.

19. S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: Minutes of meeting of the Advisory Council, 15th June, 1921, p.1; Minutes of meeting of the Advisory Council held on the 14th September 1921 and following days, p.1; Record of proceedings of Advisory Council meeting of 6th December 1921 and following days, p.1.

20. S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: Minutes of meeting of the Advisory Council, 15th June, 1921, pp.2-3.

Tydens hierdie sittings het die Adviesraad die Administrateur oor 'n wye verskeidenheid sake geadviseer. Die Administrateur het aan die begin van elke sitting 'n verwelkomingsboodskap gelewer waarin hy gewoonlik sekere aktuele sake aan die Adviesraad voorgehou het. Benewens sake wat deur die Administrateur ter tafel gelê is, kon Adviesraadslede ook voor die aanvang van sittings besprekingspunte vir die agenda aan H. Bense, die klerk van die Adviesraad, stuur.

Die vernaamste punte van bespreking tydens die Adviesraadsvergaderings van 1921 was die konstitusionele posisie van Suidwes-Afrika, die bevoegdhede van die Administrateur, die posisie van die boer en van die Nie-Blankes, sake rakende die landsekonomie, die verbetering van plaaslike bestuur en die ontwikkeling van die spoorweë en hawens, asook onderwyswetgewing.[21.]

Die Adviesraad het in sy eerste bestaansjaar daadwerklike pogings aangewend om plaaslike bestuur op 'n gesonder grondslag te plaas. So byvoorbeeld is die instelling van distriks- of afdelingsrade, asook die gedeeltelike verkiesing van stadsrade reeds tydens die eerste Adviesraadsitting op 2 Februarie 1921 goedgekeur.[22.]

---

21. A.231 Peter Müller aanwins, vol.4: Protokoll der ersten Sitzung des Beirates, abgehalten am 2 Februar 1921, p.1; S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: Minutes of meeting of the Advisory Council, 15th June, 1921, pp.1-2; Minutes of meeting of the Advisory Council held on the 14th September 1921 and following days, pp.1-2; Record of proceedings of Advisory Council meeting of 6th December 1921 and following days, p.12.

22. Allgemeine Zeitung, 12.2.1921; The Windhuk Advertiser, 12.2.1921. Südwest-Zuid West, 18.2.1921.

Die verbetering van die plaaslike regstelsel deur die instelling van spesiale vrederegters is in Junie 1921 deur die Adviesraad bespreek. Raadslid Olivier was van mening dat die verbetering van die bestaande howe eers aandag moes geniet voordat die instelling van spesiale vrederegters weer te berde gebring sou word. Buitendien sou geskikte persone wat as spesiale vrederegters kon fungeer, moeilik gevind word.

Die Administrateur was egter vasberade om die saak deur te voer en het met sterk teenargumente na vore gekom. Die gebruik van spesiale vrederegters was reeds ŉ suksesvolle Unie-instelling en sou ŉ vinniger oplossing bied vir minder ernstige sake in ŉ ylbevolkte Suidwes-Afrika. Die Administrateur het tydens sy reise deur die gebied wel geskikte persone ontmoet wat as spesiale vrederegters sou kon optree.

In die lig van dié argumente van die Administrateur het raadslid Reuning hom aan die kant van Hofmeyr geskaar. Die Administrateur het hierna die bespreking afgesluit: "I think the matter has now been sufficiently discussed. Every regard will be paid to the many diffuculties which have been pointed out, and great care will be exercised in appointing officers to occupy the posts." [23.]

---

23. S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: Minutes of the meeting of the Advisory Council held on 15.6.1921, pp.16-22.

Die instelling van arbitrêre howe is, nadat die Administrateur verskeie beginsels in dié verband aan die Adviesraad voorgelê het, in September 1921 deur die Adviesraad goedgekeur. Die instelling van dié howe is deur raadslede Reuning en Olivier verwelkom, aangesien dit van groot waarde vir die plaaslike bevolking sou wees. [24.]

Die posisie van die Munisipaliteite is deur die Adviesraad in September 1921 bespreek. Die publiek moes betrek word by munisipale sake deur die gedeeltelike verkiesing van Munisipale Rade. Die benoeming van lede moes op so 'n wyse geskied dat elke Blanke bevolkingseksie voldoende verteenwoordiging sou geniet. Die kwessies van algemene Blanke stemreg of gekwalifiseerde stemreg, asook die posisie van Kleurlingstemgeregtigdes sou deeglik deur die Administrateur ondersoek word. [25.]

Die Administrateur het homself deeglik laat geld tydens Adviesraadsvergaderings en het deurentyd die inisiatief behou. Die Adviesraad sou egter in die lig van dié outokratiese optrede nog sterker onder die besef van sy eie gebreke kom en vertoë rig om 'n meer demokratiese bestuurstelsel.

---

24. S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: Minutes of the meeting of the Advisory Council held on 14.9.1921 and following days, pp.60-62; The Windhuk Advertiser, 3.12.1921.

25. S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: Minutes of the meeting of the Advisory Council held on 14.9.1921 and following days, pp.38-39, 44-50; The Windhuk Advertiser, 30.11.1921.

Die Adviesraad moes heelwat kritiek verduur weens die geslotenheid van al sy vergaderings. In die lig hiervan het raadslid Müller tydens die September 1921-sitting voorgestel dat die Adviesraadsvergaderings vir die publiek en pers oopgestel moes word. Administrateur Hofmeyr het heftig hierteen beswaar gemaak. Volgens hom sou die oopstelling van Adviesraadsvergaderings die gesonde, ontspanne vertrouensatmosfeer wat tydens vergaderings geheers het, grootliks skaad. Die raadslede sou dan nie meer soos in die verlede vrylik kommunikeer nie, aangesien die teenwoordigheid van die publiek en die pers hulle versigtig sou maak vir waninterpretasies. Raadslede Reuning en Schneider, wat die Administrateur se siening in dié verband gedeel het, het versoek dat notules so gou as moontlik ná vergaderings aan die pers beskikbaar gestel moes word. Die Adviesraadsbesluit om sy vergaderings geslote te hou, sou die Raad heelwat kritiek op die hals haal. [26]

Die Südwest-Zuid West het sy misnoeë uitgespreek teen die Adviesraadsbesluit om sy vergaderings agter geslote deure te hou, aangesien regeringsliggame normaalweg hulle vergaderings vir die publiek oopgestel het. Volgens die koerant

26. S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: Minutes of the meeting of the Advisory Council held on 14.9.1921 and following days, pp.160-163; Südwest-Zuid West, 2.12.1921.

moes dit miskien verstaan word in die lig daarvan dat die Adviesraad deur die Administrateur benoem is en gevolglik meer die "aansien" van 'n kabinet as 'n volksraad gehad het. Die Adviesraad moes eerder die publiek in sy vertroue neem; openbare vergaderings sou verkeerde indrukke, valse gerugte, asook valse kritiek verhoed. [27.]

Ook The Windhuk Advertiser het krities gestaan teenoor dié gebruik: "The people of other lands are sporting in the sunshine of publicity while we are prevented from basking in the glimmer of our penny dip." [28.] Die pers sou in die volgende aantal jare sy kritiek voortsit teen dié ondemokratiese gebruik van die Adviesraad om al sy vergaderings agter geslote deure te hou. Dié gebruik het die Adviesraad veel skade berokken en het beslis meegehelp om die Suidwesters se vertroue in die Adviesraad verder af te breek.

Die bestaande Adviesraad het as tussentydse liggaam wel sy doel gedien, maar die grootste kritiek teen die liggaam was sy onvermoë om enige noemenswaardige veranderinge in Suidwes-Afrika teweeg te bring. The Windhuk Advertiser het ten regte die volgende redes vir die onvermoë verskaf:

- Die beperkte tyd van die Raadslede om kragdadig en doelgerig aandag te skenk aan hulle openbare verpligtinge;

---

27. Südwest - Zuid West, 2.12.1921.

28. The Windhuk Advertiser, 7.12.1921.

- Die gebrek aan werklike gesag;
- Die outokratiese optrede van administrateur Hofmeyr wat beskryf is as "a man somewhat impatient of advice." Volgens die koerant sou die status van die Adviesraad aansienlik verhoog word, indien staatsdepartementshoofde ook op die Adviesraad sou kon dien. [29.]

Die plaaslike pers het met sy toenemende kritiek teen die Adviesraad die gevoel van die Suidwesters weerspieël. Die feit dat dit 'n benoemde liggaam was en dat die Administrateur in die praktyk alleenseggenskap in die bestuur van Suidwes-Afrika gehad het, het aan die pers oorgenoeg skietgoed verskaf om die Adviesraad af te kraak.

Die Administrateur was egter dankbaar oor die bystand wat die Adviesraad in adviserende hoedanigheid in sy eerste bestaansjaar gelewer het. In sy 1921-jaarverslag het die Administrateur sy dank as volg uitgedruk: "De Adviserende Raad .... was van grote hulp voor de Administrateur waardoor hij gebruik kon maken van de verzamelde gezichtspunten met betrekking tot een massa onderwerpen." [30.] Die lywige agendas en die notules van die verrigtinge tydens Adviesraadsittings is afdoende bewys van dié raak samevatting van die Administrateur. [31.]

---

29. The Windhuk Advertiser, 8.10.1921.

30. U.G. 32 - 1922: Rapport van de Administrateur over het jaar 1921, p.5.

31. Die notule wat byvoorbeeld tydens die September 1921-sitting van die Adviesraad ter tafel gelê is, het nie minder as vyf en twintig besprekingspunte bevat nie. Vergelyk S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: Minutes of the meeting of the Advisory Council held on 14.9.1921 and following days, pp.1-2.




Die eerste siviele administratiewe personeel van Suidwes-Afrika: 17.11.1920.*

(S.W.A. Argiefbewaarplek, Windhoek, vgl. foto nr.324.)

*Die enigste identifiseerbare persoon is administrateur G.R. Hofmeyr wat in die voorste ry in die middel sit.

## 4.4. SAMESTELLING VAN ADVIESRADE, 1922 - 1925.

Die Administrateur het weer, soos vir die eerste termyn, verskeie beroepsorganisasies genader om kandidate vir die Adviesraad se tweede termyn te nomineer. [32.] Die Administrateur het na deeglike oorweging van die onderskeie kandidate [33.] vier lede van die 1921-Adviesraad herbenoem, naamlik A.G. de Wet, A.P. Olivier, R.H.A. Schneider en majoor C.N. Manning. Dr. E. Reuning, 'n vyfde lid van die 1921-Adviesraad, was nie weer beskikbaar nie, aangesien hy op die punt gestaan het om na Duitsland te vertrek. Op versoek van die Kamer van Koophandel is die vakature van die sesde lid van die 1921-Adviesraad, Peter Müller, wat reeds na Duitsland vertrek het, deur John Meinert gevul. Die ander vier nuwe lede van die 1922-Adviesraad was dus G.F. Staples, C.H.G. Oberholzer, M. Otzen en H. Bartels. [34.]

Vier Duitsers, drie Afrikaners en twee Engelse is dus as Adviesraadslede benoem. Só het die Administrateur gepoog om aan al drie Blanke kultuurgroepe proporsionele verteenwoordiging in die Adviesraad te gee.

---

32. S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: brief C.R. Dengler/Sekretaris van Suidwes-Afrika, 10.12.1921; nota A.J. Waters/H. Bense, 10.1.1922; telegram Kamer van Mynwese/Administrateur, 11.1.1922.

33. Daar is selfs vertroulike verslae oor enkele kandidate wat aan die Administrateur onbekend was ingewin, naamlik H. Bartels, C.R. Dengler, A. Welter en O. Lipka. Vgl. S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: nota A.J. Waters/H. Bense, 10.1.1922; letter Commanding Officer of the Criminal Investigation Department of South West Africa/Secretary of South West Africa, 12.1.1922; brief magistraat van Lüderitz/Sekretaris van Suidwes-Afrika, 4.1.1922; brief magistraat van Lüderitz/Sekretaris van Suidwes-Afrika, 9.1.1922.

34. Official Gazette of South West Africa, 1.2.1922, p.617; Allgemeine Zeitung, 23.1.1922; The Windhuk Advertiser, 25.1.1922.

The Windhuk Advertiser het die herbenoeming van Manning, Olivier en Schneider verwelkom, maar was nog steeds gekant teen die benoeming van De Wet. Volgens dié koerant was die benoeming van Staples, 'n finansiële kenner, en Meinert, wat die volle steun van die Kamer van Koophandel geniet het, 'n besondere positiewe keuse. [35.]

Die Kamer van Koophandel van Lüderitz wou meer as een verteenwoordiger vir die handelaars op die Adviesraad hê. Hulle was van mening dat slegs een verteenwoordiger onmoontlik al die belange van die handelaars in die ganse Suidwes-Afrika sou kon behartig. Die sakebelange van die noordelike en suidelike dele het heelwat verskil en gevolglik was daar soms botsende belange. Hulle het die Administrateur dus versoek om, wanneer dit prakties moontlik sou word, 'n tweede handelaar vir die suidelike deel, verkieslik vanuit Lüderitz, te benoem. Oskar Lampe, wat die volle steun van hierdie belangegroep geniet het, is gevolglik as kandidaat voorgehou.[36.]

Twee Adviesraadslede moes in die loop van 1922 vervang word. A.P. Olivier het op 17 Februarie weens werkdrukte bedank. Die Administrateur het sy teleurstelling daaroor uitgespreek, hom bedank vir sy dienste en vir die feit dat die Administrateur nog op sy ondersteuning en hulp kon reken. [37.] Louis Rautenbach het Olivier op 11 Mei 1922 as Adviesraadslid vervang. [38.]

---

35. The Windhuk Advertiser, 25.1.1922.

36. S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council : brief Kamer van Koophandel (Lüderitz)/Administrateur, 30.3.1922.

37. S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council : brief A.P. Olivier/Administrateur, 17.2.1922; brief Administrateur/A.P. Olivier, 22.2.1922.

38. S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: brief H. Bense/L. Rautenbach, 8.5.1922; brief L. Rautenbach/ Administrateur, 11.5.1922; The Windhoek Advertiser, 20.5.1922.

Aangesien John Meinert ook, soos in die geval van Peter Müller, op besoek aan Duitsland was, het die Windhoekse Kamer van Koophandel die Administrateur versoek om J.H. Raupert in sy plek te benoem. Die Administrateur het dié liggaam versoek om in samewerking met die Kamers van Koophandel van Lüderitz en Swakopmund drie moontlike kandidate te nomineer. Die drie Kamers van Koophandel het gevolglik elkeen 'n eie kandidaat benoem: A. Wardesky (Swakopmund), O. Lampe (Lüderitz) en J.H. Raupert (Windhoek en Keetmanshoop).[39.] Die Administrateur het uiteindelik tog besluit om Raupert as nuwe Adviesraadslid te benoem.[40.]

Die Administrateur het gepoog om die jaarlikse wisseling van die Adviesraad tot die minimum te beperk. Agt van die nege Adviesraadslede, naamlik A.G. de Wet, R.H.A. Schneider, majoor C.N. Manning, G.F. Staples, M. Otzen, H. Bartels, L. Rautenbach en J.H. Raupert, is gevolglik vir nog 'n termyn benoem. Luitenant-kolonel J.A.D. Kruger is in die plek van raadslid C.H.G. Oberholzer, wat nie weer beskikbaar was nie, benoem.[41.]

Die Administrateur het Raadslid Staples, wat aanvanklik vir 'n tydperk van vyf maande in Mei 1923 na Europa vertrek het, se versoek om verlof vir afwesigheid van Adviesraadsvergade-

---

39. S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: brief Windhoekse Kamer van Koophandel/Administrateur, 9.10.1922; brief Sekretaris van Suidwes-Afrika/Windhoekse Kamer van Koophandel, 13.11.1922; briewe Windhoekse Kamer van Koophandel/Sekretaris van Suidwes-Afrika, 17.11.1922 en 25.11.1922.

40. S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: brief Sekretaris van Suidwes-Afrika/Windhoekse Kamer van Koophandel, 30.11.1922.

41. S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: Regeringskennisgewing nr. 3, 3.1.1923; Official Gazette of South West Africa, 15.1.1923, p.1125.

rings toegestaan. Staples het egter op 24 November bedank, aangesien daar onsekerheid bestaan het oor wanneer hy na Suidwes-Afrika sou terugkeer.[42.] Die vakature wat weens sy bedanking ontstaan het, is egter nie deur die Administrateur gevul nie, aangesien die jaar feitlik verstreke was.

Weens die bedanking van raadslid Raupert, wat om gesondheidsredes na Europa moes vertrek, het die freien Berufe en die selbständigen Gewerbetreibenden * die Administrateur versoek om ook verteenwoordiging op die Adviesraad te verkry.[43.]

Ná die bedanking van raadslid De Wet het die Administrateur die Zuid West Vereeniging versoek om twee of drie geskikte boere uit die Unieseksie in voorkeurvolgorde te benoem om die belange van die noorde-boere te behartig. Op 10 Augustus 1923 het die sentrale bestuur van dié organisasie drie persone genomineer, naamlik I. Lemmer (Grootfontein), kolonel G. Lee (Otjiwarongo) en B. Liebenberg (Okahandja ).[44.]

Volgens die Adviserende Raad Proklamasie, 1921, soos gewysig deur die Adviserende Raad Wysigings Proklamatie, 1921, is die volgende lede in Augustus 1923 vir die oorblywende deel van die jaar as Adviesraadslede benoem:

---

42. S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: brief G.F. Staples/H. Bense, 20.4.1923; brief H. Bense/G.F. Staples, 12.5.1923; brief G.F. Staples/H. Bense, 24.11.1923.

* Selfstandige Ambagslui.

43. S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: brief J.H. Raupert/Administrateur, 25.7.1923; brief dr. W. Friedrich en mnr. Richter/Administrateur, 1.9.1923.

44. S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: brief H. Bense/Zuid West Vereeniging, 9.8.1923; brief Zuid West Vereeniging/H. Bense, 11.8.1923.

- I.G. Lemmer, in die plek van A.G. de Wet wat bedank het;
- P. Müller, in die plek van J.H. Raupert wat intussen oorlede is;
- H.W. Drew, in die plek van majoor C.N. Manning wat na Suid-Afrika verplaas is.[45.]

Die Administrateur het agt lede van die 1923-Adviesraad vir die vierde termyn van dié Raad herbenoem. J.J. Fouchee is in die plek van G.F. Staples, wat reeds in November 1923 bedank het, benoem.[46.]

Die herbenoeming van raadslid Bartels het 'n negatiewe reaksie van die Duitsers ontlok, aangesien hy lankal nie meer lid van die Arbeiter Verband was nie. Hy moes weens verskille betreffende die interne sake van dié organisasie bedank en het vir 'n geruime tyd nie meer die steun van die arbeidergemeenskap van Suidwes-Afrika geniet nie. Die Administrateur is dus versoek om Bartels se herbenoeming te kanselleer en Bartels is terselfdertyd versoek om in die lig van dié omstandighede uit sy eie te bedank.[47.] Beide die Administrateur en Bartels het die kritiek geïgnoreer en Bartels is in 1925 en 1926 herbenoem as Adviesraadslid.

---

45. S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: Regeringskennisgewing nr. 91, 15.8.1923; U.G. 21 - 1924: Rapport van de Administrateur van Zuidwest Afrika voor het jaar 1923, p.3.

46. S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: Regeringskennisgewing nr. 3, 16.1.1924; brief G.F. Staples/H. Bense, 24.11.1923; Official Gazette of South West Africa, 1.2.1924, p.1517.

47. S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: Volksblatt, 16.2.1924.

Die Administrateur, kennelik in sy skik met die 1924-Adviesraad, het dieselfde lede van die vorige jaar vir 1925 herbenoem.[48] Sy doel was om sodoende kontinuïteit te verseker, aangesien die benoeming van 'n nuwe Adviesraad beslis stremmend op dié liggaam se werksaamhede sou inwerk.

The Windhoek Advertiser was nie ingenome met die Administrateur se herbenoemings nie: "While it is impossible to deny that one or two are possessed of certain abilities, we doubt if His Honour could have made a worse selection if he had deliberately set out to do so."

Die Administrateur is ook verwyt omdat geen Engelssprekende, benewens H.W. Drew wat uit hoofde van sy amp as Naturellekommissaris benoem is, vir die 1925-Afviesraad oorweeg is nie.

Daar was, volgens die koerant, 'n halfdosyn Engelssprekende boere wat bekwamer was as die meerderheid van die benoemde Adviesraadslede. 'n Verdere beswaar was dat die Administrateur 'n fout begaan het deur die herbenoeming van die Duitse lede. Die Duitse seksie het verskeie kere in die verlede te kenne gegee dat die huidige benoemde lede nie hulle goedkeuring wegdra nie. Volgens dié koerant sou die benoeming van een of twee lede wat algemeen as die leiers van die Duitse gemeenskap beskou is, toekomstige resolusies van die Adviesraad meer aanvaarbaar vir die groep maak.[49]

---

48. Official Gazette of South West Africa, 15.1.1925, p.1940.

49. The Windhoek Advertiser, 24.1.1925.

Die Administrateur het, met die uitsondering van luitenant-kolonel J.A.D. Kruger, wat deur luitenant-kolonel G. Curtis vervang is, die 1925-Adviesraadslede almal herbenoem.[50.] Die benoemings sou geldig wees totdat die nuwe Adviesraad, ooreenkomstig die bepalinge van die nuwe Suidwes-Afrika grondwet van 1925, ingestel is.

Administrateur Hofmeyr het die onbenydenswaardige taak om Adviesraadslede te benoem goed gehanteer. Hy kon egter nie almal tevrede stel nie en het hom soms bittere kritiek op die hals gehaal. Sy pogings om kontinuïteit te verseker deur die herbenoeming van lede, is opvallend. Dié optrede van hom het verseker dat die werksaamhede van die Adviesraad nie belemmer is nie.

## 4.5. VOORTGESETTE WERKSAAMHEDE, 1922 - 1925.

### 4.5.1. PLAASLIKE BESTUUR.

Die Adviesraad het gereeld vergader om die Administrateur te adviseer oor ŉ wye spektrum van sake en het vanaf 1922 tot 1925 agt belangrike sittings gehou, naamlik in Februarie en Desember 1922, Februarie, Mei en September 1923, Mei en Desember 1924 en ook in Mei 1925. Sake wat tydens dié sittings bespreek is, kom grootliks ooreen met dié van die 1921-sittings.

---

50. Official Gazette Extraordinary of South West Africa, 22.1.1926, p.411.

Tydens die sittings is die ekonomiese situasie van die land bespreek en het die Administrateur die land se jaarlikse begrotings aan die Adviesraad voorgehou. Aangesien die landbou die hoeksteen van die land se ekonomie was, het die posisie van die boer dikwels ter sprake gekom. Sake soos die bestryding van sprinkaanplae en brandsiekte, die uitvoer van vee en ekonomiese hulp aan boere is dikwels te berde gebring. Die Adviesraad het ook aandag gegee aan die ontwikkeling van die land se paaienetwerk, spoorweë en hawens. Só byvoorbeeld is die kwessie van die konstruksie van 'n spoorlyn tussen Windhoek en Gobabis bespreek, asook die ontwikkeling van die Walvisbaaise hawe. Die posisie van die Nie-Blankes, onder andere die reservate-kwessie en Nie-Blanke arbeid, is heel dikwels bespreek. Die Adviesraad het hom ook beywer vir die ontwikkeling van plaaslike nywerhede en probleme rakende die vis- en mynbou-industrie is bespreek.[51]

Die Administrateur het in sy gebruiklike openingstoespraak tydens die Februarie-sitting van die 1922-Adviesraad die raadslede versoek om te poog om die openbare mening gunstiger teenoor sy administrasie te beïnvloed. Suidwes-Afrika het onder 'n depressie gebuk gegaan en gevolglik het die kritiek in felheid toegeneem. Die kritiek het onder andere die volgende behels:

---

51. S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: brief H. Bense/R.H.A. Schneider, 20.1.1922; Minutes of meeting of Advisory Council, held on and after the 11th December, 1922, p.1 ; Minutes of meeting of Advisory Council held on 19th February, 1923, p.1; Allgemeine Zeitung, 19.5.1923; Agenda of Advisory Council meeting of 14th and 15th September, 1923; Minutes of meeting of Advisory Council held on 6th and 7th May, 1924, p.1; Minutes of meeting of Advisory Council held on 8th December, 1924 and following days, p.1 ; Minutes of meeting of Advisory Council held on 13th and 14th May, 1925, p.1.

- Die administrasie het weinig of niks gedoen betreffende die land se finansiële stryd of om hulpbronne te ontwikkel nie.
- Die Duitse inwoners is onregverdig behandel en daar is 'n "Vernichtungs Kampf" teen hulle gevoer om hulle finansieel te knak.

Die Administrateur het hierdie beskuldigings in geen onduidelike taal nie verwerp. Betreffende die beskuldiging dat die Duitsers onregverdig behandel sou word, het hy gesê dat hulle "has been treated not only with great consideration but with generosity" en verder "that the hand of friendship would be whole-heartedly extended to the older population and in the common home,... there would be room for them in the parlour as well as in the kitchen, not as a matter of privilege but as a matter of right." [52.]

Die wye verskeidenheid van sake wat tydens Adviesraadsvergaderings bespreek is, blyk duidelik uit die volgende lywige agenda wat tydens die sitting van 14 en 15 September 1923 deur die Administrateur voorgehou is: die begrotings van 1924 - 1925, hawe-ontwikkeling, koelbewaringsgeriewe, spoorwegontwikkeling, die arbeidsituasie, Naturellereservate, die uitvoer van vee, landnedersetting, die verlening van bystand aan boere weens die ekonomiese depressie, sprinkaanbestryding, bestryding van brandsiekte, suiwelfabrieke, die onderwyswet, mynbou, die visindustrie, die tabakbedryf, paaie langs spoorlyne en die toekomstige regeringsvorm van Suidwes-Afrika. [53.]

---

52. S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: Opening statement made by the Administrator at meeting of Advisory Council on 2nd February, 1922, pp.1, 8-9; Allgemeine Zeitung, 25.2.1922; The Windhoek Advertiser, 25.2.1922, 4.3.1922 en 8.3.1922.

53. S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: Agenda of Advisory Council meeting of 14th and 15th September 1923; Allgemeine Zeitung, 17.11.1923.

Adviesraadslede is verskeie kere deur die Administrateur versoek om hom te vergesel na die Unie van Suid-Afrika ten einde hom by te staan tydens samesprekinge met die Unieregering.

ŉ Saak wat heel dikwels tydens Adviesraadsvergaderings te berde gebring is, was die instelling van geskikte koelbewaringsgeriewe. Op versoek van Administrateur Hofmeyr het raadslede A. de Wet, L. Rautenbach, C. Oberholzer, G. Staples, H. Bartels en M. Otzen hom na Pretoria vergesel. [54.] Die samesprekings met generaal Smuts het op 6 Oktober 1922 plaasgevind en het hoofsaaklik gehandel oor die sluiting van ŉ kontrak met die Imperial Cold Storage Company van Kaapstad. [55.]

Die Administrateur het doeltreffend van die Adviesraad gebruik gemaak om hom by te staan in die hantering van sake van plaaslike belang.

## 4.5.2. KRITIEK TEEN DIE ADVIESRAAD.

Die Adviesraad moes heelwat kritiek verduur, aangesien sy vergaderings nie deur die pers en die publiek bygewoon kon word nie. [56.] Die saak is gevolglik tydens die eerste vergadering van die 1922-Adviesraad, wat op 2 Februarie om 09h30 in die Administrateurskantoor te Windhoek plaasgevind het, te berde gebring. [57.]

---

54. S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: nota H. Bense/Rekenmeester van die Suidwes-Afrikaanse Administrasie, 9.10.1922.

55. U.G. 21 - 1923: Rapport van de Administrateur van Zuidwest Afrika voor het jaar 1922, p.4; The Windhoek Advertiser, 7.10.1922.

56. Vergelyk 4.3, p.74.

57. S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: brief H. Bense/R.H.A. Schneider, 20.1.1922; The Windhoek Advertiser 12.4.1922.

Die kwessie rondom die oopstelling van vergaderings het heelwat bespreking ontlok. Raadslid Meinert het die kritiek wat kort-kort in die pers verskyn het, toegeskryf aan die feit dat verslae oor Adviesraadsvergaderings te vaag en te kort was. Die publiek kon gevolglik nie uit dié verslae vasstel wat die ware toedrag van sake was nie. Meinert het dus voorgestel dat die Adviesraadsvergaderings oopgestel moes word vir die pers en publiek. Raadslid Otzen het saamgestem dat onnodige kritiek aan 'n oningeligte pers toegeskryf kon word. Die Administrateur het die lede daarop gewys dat die 1921-Adviesraad eenparig besluit het dat die pers en publiek nie toegelaat sou word nie. Volgens hom was die pers nog altyd welkom om meer inligting by die Administrateurskantoor te kry, maar sedert die aanvang van sy ampstermyn was daar nog geen sodanige navrae nie.[58]

Gedurende die volgende dag, 3 Februarie, is die bespreking voortgesit, waartydens raadslid Meinert hoofsaaklik sy argumente van die vorige dag herhaal het. Hy het voorgestel dat sekere sensitiewe sake "in camera" bespreek moes word. Raadslid de Wet, wat min vertroue in die plaaslike pers gehad het, het nie saamgestem dat elke vergadering oopgestel moes word nie. Hy het egter gevoel dat, in die lig van die publiek se dors na meer feite, daar heelwat meer inligting aan die pers beskikbaar gestel moes word. Hy het verder voorgestel dat die pers wel toegelaat kon word, maar dan moes hulle verslae vóór publisering aan die Administrateur of die klerk van die Adviesraad voorgelê word vir goedkeuring.

---

58. S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: Minutes of meeting of Advisory Council held on 2.2.1922 and following days, pp.2-3; The Windhoek Advertiser, 12.4.1922.

In die lig van dié argumente het raadslid Otzen voorgestel dat vergaderings oopgestel moes word vir die publiek en die pers, behalwe in uitsonderlike gevalle.

Die Administrateur was daarteen gekant, aangesien die Adviesraad slegs 'n adviserende liggaam was en, indien die pers tydens sekere besprekinge nie toegelaat sou word nie, sou hulle onmiddellik daarvan beskuldig word dat hulle iets wegsteek. Die teenwoordigheid van die pers en die publiek sou vryelike en gemaklike besprekings belemmer. Hy het gevra of dit nie moontlik was dat Adviesraadslede af en toe die pers toespreek om sekere aspekte te verduidelik volgens hulle eie diskresie nie. Die Administrateur het dus as volg voorgestel: "I would suggest that we give the Press a resume of what takes place here, including a summary of what members have said." Otzen het sy vorige voorstel teruggetrek en 'n nuwe resolusie ingedien wat eenparig deur die Adviesraad aanvaar is, naamlik: "that in the opinion of this Council as from the next Meeting of the Council such resolutions as may be decided from time to time by the Advisory Council and a summary of the speeches after revision by the Members shall be supplied to the Press in South West Africa at the earliest possible moment after Meetings." [59.]

In die Lüderitzbuchter Zeitung van 10 en 11 Februarie 1922 het artikels verskyn waarin die verrigtinge van die Adviesraadsvergadering van Februarie saamgevat was. Die Administrateur het by Max Otzen verneem of hy die inligting aan die koerant verskaf het, in weerwil van die Adviesraadsbesluit in dié verband. Die Landes Zeitung het in 'n artikel

---

59. S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: Minutes of meeting of Advisory Council held on 2.2.1922 and following days, pp.32-34; The Windhoek Advertiser, 23.5.1922.

wat op 20 Februarie verskyn het, ten regte gekla dat die plaaslike Windhoekse koerante nog geen nuus verneem het in verband met die vorige Adviesraadsvergadering nie, maar dat 'n koerant honderde kilometers vanaf die Adviesraadsetel alreeds inligting ontvang het.[60.]

Otzen het erken dat hy wel die inligting verskaf het, maar volgens hom het dit ten doel gehad om die publieke opinie positiewer in te stel teenoor die onregverdige perspropaganda teen die Administrateur se administrasie.[61.] Hofmeyr kon nie insien dat die artikels wel ten doel gehad het om sy administrasie te verdedig nie, aangesien dit bloot 'n samevatting was van die laaste Adviesraadsvergadering en daar geen aanduiding was oor waarvandaan die inligting gekom het nie. Die optrede van Otzen was dus direk in stryd met die besluit dat nie een van die Adviesraadslede verslag oor Adviesraadsvergaderings mog lewer nie, aangesien die Sekretaris van Suidwes-Afrika 'n amptelike persverslag sou opstel. Die Administrateur het Otzen versoek om te bedank as Adviesraadslid.[62.]

Raadslid Otzen het sy optrede in 'n lang brief verduidelik: Hy is ná die Adviesraadsvergadering van 2 Februarie deur sy vriende versoek om 'n openbare vergadering te hou. Hy wou eers hiertoe instem, maar hy het daarteen besluit, aangesien die meeste kritiek hoofsaaklik van die Duitsers afkomstig was en lastige vrae gevra kon word. Hy het derhalwe besluit om die nodige inligting aan die Duitse koerant te verskaf en sy uitsluitlike doel was ..."to impress

---

60. S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: telegram H. Bense/M. Otzen, 24.2.1922; brief Sekretaris van Suidwes-Afrika/M. Otzen, 24.2.1922.

61. S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: telegram M. Otzen/Sekretaris van Suidwes-Afrika, 24.2.1922.

62. S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: brief Sekretaris van Suidwes-Afrika/M. Otzen, 24.2.1922.

upon the public, notably upon the German readers, the fact that the critisism directed against Your Honour which had appeared in the press, was mainly unjustified and based upon incorrect and insufficient information." Hy het reeds sy misnoeë teenoor die Lüderitzbuchter Zeitung uitgespreek ten opsigte van die koerant se kritiese houding teenoor die Administrateur. Otzen het laastens beweer dat hy nie bewus was daarvan dat Adviesraadslede geen inligting aan die pers mag verstrek het nie. Hy het nogtans sy bedanking ingedien. [63.]

Die Administrateur kon nog steeds nie insien waarom die betrokke koerant nie sy inligtingsbron vermeld het nie, aangesien dit die gewenste uitwerking sou hê. Hofmeyr het nieteenstaande dié feit Otzen se verduideliking en verskoning aanvaar en hy het sy versoek dat Otzen moes bedank, teruggetrek. [64.]

Die publiek en die pers het nie genoeë geneem met die feit dat hulle nie by Adviesraadsvergaderings toegelaat sou word nie. Die reëling dat meer inligting aan die pers beskikbaar gestel sou word, was ook nie bevredigend nie. Die verslae was so vaag dat die bevolking, wat die reg gehad het om te weet wat aangaan, in die duister moes rondtas. Die algemene gevoel van die pers en die publiek was dat die oopstelling van die Adviesraadsvergaderings die enigste bevredigende oplossing sou bied. [65.]

---

63. S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: brief M. Otzen/Administrateur, 3.3.1922.

64. S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: brief Sekretaris van Suidwes-Afrika/M. Otzen, 10.3.1922.

65. Allgemeine Zeitung, 20.2.1922.

Daar het werklik 'n gebrekkige kommunikasie tussen die Adviesraad, die pers en die algemene publiek bestaan. Koerantverslae was gewoonlik vaag en niksseggend en het in werklikheid slegs die Adviesraadsbesluite bevat. Geen verduidelikings is aan die pers en publiek verskaf van hoe daar tot die besluite gekom is nie. Dit het heel dikwels gebeur dat verslae oor Adviesraadsvergaderings eers maande ná afloop daarvan in die koerante verskyn het. Die nuus was gevolglik verouderd en die traagheid van die Adviesraad om nuus aan die pers te verskaf, het dikwels heelwat negatiewe kritiek van beide die pers en die algemene publiek ontlok.